

Vrydag 31 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 24

Fokusgedeelte: 2 Samuel 24:17

Sonde het altyd gevolge!

Daar is een deel van die Gereformeerde leer wat totaal verkeerd verstaan word, en dit is die keuse van die mens. Ons het die idee dat omdat ons geen keuse in die uitverkiesing het nie, ons ook geen verantwoordelikheid het nie.

Inderdaad is God in volle beheer – dit sluit egter nie die feit uit dat God nie aan die mens 'n baie groot verantwoordelikheid gee nie. Ons Koning maak ons konings (HK So. 12) en 'n koning het 'n groot verantwoordelikheid.

Dawid is, as hierdie geskiedenis afspeel, 'n gesoute koning en het al met die volheid van God se genade en toorn kennis gemaak. Eintlik is dit totaal onlogies dat Dawid eiewillig optree. God laat dit toe. Dawid is verantwoordelik! God keur dit egter nie goed nie – en daarom word Dawid tot verantwoording geroep.

Vir 'n tweede keer (ná 2 Samuel 12) moet Dawid bieg: “Ek het gesondig!” (vs 10). Soos tevore die appèl op God se genade (vs 14).

God antwoord ons sonde op twee maniere: Christus sterf vir sondaars (Rom. 5:8). Dit was ook Dawid se enigste pleitgrond. MAAR! Dis 'n verskriklike groot MAAR: Selfs al vergewe God in Christus asof ons nooit die sonde gedoen het nie (HK v/a 60), beteken dit nie dat die gevolge van die sonde uitgewis word nie. Eers sterf een kind (2 Sam. 12:18), nou sterf 70 000.

God kan ingryp. Hier word die straf verkort, God keer dat Satan nie Job self dodmaak nie. God hoef egter nie in te gryp nie! Ons het 'n verantwoordelikheid. Ons moet besef: Ons het soveel meer kennis van God en sy wil. 'n Hele Bybel! Ook 'n groot verantwoordelikheid, ons weet wat die regte ding is om te doen.

Dis nie God (of Satan) se skuld as ons sondig nie. Dis MY besluit. EK het gesondig. DINK! Dink voor jy doen. JY is begenadig – tree verantwoordelik op in al jou besluite!

Sing: Psalm 38-1:15, 17

Dr. HF van Wyk (Hennie) (Christiana/Bloemhof)